**Universiteit Stellenbosch Langdienstoekennings, 5 Oktober 2011**

**Opmerkings deur prof H Russel Botman, rektor en visekanselier**

Goeienaand, almal. *Good evening. Molweni. From my side, a warm welcome to each and every one of you – especially to our guests of honour, the recipients of the University's long service awards.*

Julle staan al 25 jaar lank in diens van die Universiteit. Dis 'n leeftyd! Maar as 'n mens terugdink aan jou begindae, voel dit soos gister. Kom ons reis terug in tyd na daardie dae:

- In 1986 was Margaret Thatcher die premier van Brittanje, en PW Botha staatspresident van Suid-Afrika … en kanselier van die US. Hy was in die stoel toe die baanbreker-joernalis Rykie van Reenen 'n eredoktorsgraad van die Universiteit ontvang het.
- *In 1986, the infamous Pass Books were scrapped, but that did little to quell the political discontent in South Africa. The country was ablaze with protest, and a national State of Emergency was proclaimed.*
- Die man wat later ons kanselier sou word, dr Frederik Van Zyl Slabbert, het uit protes teen apartheid uit die parlement bedank.
- Dit was natuurlik in die dae toe prof Mike de Vries my voorganger as Rektor en Visekanselier was;
- die Ou Hoofgebou was daardie jaar 100 jaar oud; en
- die US-koor het sy 50ste bestaansjaar gevier.

Hoe het die wêreld nie die afgelope 25 jaar verander nie. Mens kan skaars dink dat jy deesdae jou werk kan doen sonder rekenaars, wat toe nog 'n nuutjie was.

Maar in ander opsigte is baie goed nog eintlik dieselfde. Ons dok alweer meer by die petrolpomp op. En hier in ou Stellenbosch staan die Eikebome wéér groen vol nuwe blare … en raak die studente steeds wit om die kiewe namate die eindeksamen al nader kom.

Dinge wat deesdae skaarser – en dus waardevoller – as destyds is, is lojaliteit en getroue diens. En dis waarvoor julle vandag vereer word.

Namens die Universiteit wil ek elkeen van julle bedank vir jul bydrae die afgelope kwarteeu. Julle het gehelp om die US een van die beste universiteite in die land en op ons vasteland te maak. En dít is wat ons nou in staat stel om die samelewing van diens te wees met die Universiteit se HOOP Projek.

*You can feel proud of your legacy at this University. Your contribution the past 25 years has made a difference to the lives of thousands of Stellenbosch graduates, and through them, to many other people.*

Dankie vir die voorbeeld wat julle gestel het, dankie vir al die opoffering en harde werk, dankie vir die vasbyt en die saamstaan deur moeilike tye. Deel asseblief jul ervaring en kennis met die jongklomp sodat die Universiteit getrou kan bly aan sy leuse, "*Pectora roborant cultus recti*", wat – soos julle weet – beteken "'n Goeie opvoeding versterk die inbors."

*We are proud of you for helping us fulfil this mission of the University.*

Baie dankie.